In stem: Helderberg Cantare

Helderberg Cantare is ‘n splinternuwe ekumeniesekoor in die Helderberg-omgewing wat kulturele diversiteit vier. Die koor is ‘n inisiatief deur die plaaslike gemeenskap en bevorder geestelike- en ligte klassieke musiek. Optredes sal in en om Somerset-Wes/Strand/Gordonsbaai by o.a. kerke, konserte en feeste gehou word. Die koor se talentvolle dirigent, Yolanda Botha, is die musiekdirekteur van Klassieke Klanke wat jaarliks konserte by die Helderberg NG Kerk aanbied. Sy is ook ‘n musiekdosent aan die Universiteit van Stellenbosch. Die koor oefen op Maandagaande vanaf 19h30 – 21h00 gedurende die skoolkwartaal by die Gereformeerde Kerk Strand in Altenastraat, oorkant die Strand Polisiestasie. Helderberg Cantare wil graag hul ledetalle uitbrei en nooi persone van alle ouderdomme wat graag wil saamsing uit om die dirigent, Yolanda Botha (helderbergconcerts@gmail.com) of die voorsitter, Theo Mastenbroek (082 899 6742) te kontak. Helderberg Cantare is ook op soek na ‘n bekwame, entoesiastiese begeleier met uitvoerende ervaring wat betrokke wil raak as deel van die koor se span.